

Foto: Die Volksblad

*Die geskiedkundige ou Sinodale gebou - vroeër bekend as die Jubileumsaal - verteenwoordig die tradisionele beeld van 'n kunsmuseum. Sy statige neo-klassieke portiek gee ook 'n waardige indruk. Die gebou is ontwerp deur Gerhard Moerdyk en is in April 1925 in gebruik geneem.*

# KUNS NOU AMPTELIKE MUSEUMFUNKSIE

Hoewel die Nasionale Museum sedert die vyftigerjare lokale beskikbaar gestel het vir die aanbied van kunsuitstallings en ook 'n kernversameling van kunswerke opgebou het, was kuns nie 'n amptelik erkende funksie van die Museum nie. Op aanbeveling van die Nasionale Advieskomitee vir Museums het die Minister van Nasionale Opvoeding onlangs goedkeuring verleen dat die Museum die kunsafdeling moet uitbou om te voldoen aan die behoefte aan 'n kunsmuseum in Bloemfontein. Dit bring mee dat onderhandelinge op 'n hoë vlak gevoer word om die statige ou Sinodale gebou op die hoek van St. Andrew- en President Brandstraat te bekom as kunslokaal.

Volgens vooraanstaande kunskenners leen die gebou hom uitstekend vir dié doel en sal dit na bepaalde aanpassings effektief aangewend kan word hiervoor. Gunstige en geesdriftige kommentaar is reeds uit alle oorde van kunsliefhebbers ontvang, wat uitsien na 'n eie kunsmuseum waarin ook die reisende kunsuitstallings, wat tans selde of ooit Bloemfontein aandoen omdat 'n geskikte lokaal nie beskikbaar is nie, in die toekoms uitgestal sal word.

## S.A.M.V. EN O.M.M.S.A.

Gedurende April het die direkteur, mnr. Hannes Oberholzer, mnr. Etienne du Pisani, etnoloog en mnr. Schalk Louw, entomoloog, die Konferensie van die Suider-Afrikaanse Museumvereniging te Gaborone, Botswana, bygewoon. Die etnoloog en entomoloog het ook van die geleentheid gebruik gemaak om vir 'n verdere tien dae in Botswana veldwerk te doen en materiaal vir hul onderskeie afdelings te versamel.

Die regering van Malawi was vanjaar die gashere van die "Organization for Museums, Monuments and Sites in Africa," wat gedurende Augustus sy tweede vierjaarlikse byeenkoms gehou het. Die direkteur van die Nasionale Museum, mnr. Hannes Oberholzer, was een van agt Suid-Afrikaners wat deur die gashere genooi is om die Konferensie van O.M.M.S.A. as waarnemer by te woon. Die Konferensie is in Lilongwe gehou en is bygewoon deur afgevaardigdes van veertien Afrika-state.